

**DUIKBOTE IN DIE SUID-AFRIKAANSE VLOOT:  
DIE EERSTE FASE, 1970-2003.  
'N KORT HISTORIESE EVALUERING (2):  
VAN DIE OU NA DIE NUWE SUID-AFRIKA**

André Wessels<sup>1</sup>

*Summary*

*In the first part of this study, a review was given of the development of submarines, the South African government's decision to acquire submarines for the South African Navy (SAN), the building of three submarines for the SAN, and the delivery cruise of these three submarines to South Africa. In this, the second article, a review is given of the role SAS **Maria van Riebeeck** (later renamed SAS **Spear**), SAS **Emily Hobhouse** (**Umkhonto**) and SAS **Johanna van der Merwe** (**Assegaai**) played in the SAN in the years of growing isolation (1972-7), almost total isolation (1978-93) and in the service of the new South Africa (1994-2003). As in the previous article, the place and role of submarines in the SAN will be evaluated against the background of the political situation in South Africa and the international context, with special reference to the Cold War and the post-Cold War era.*

---

**1. INLEIDING**

In die vorige artikel oor die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Vloot (SAV) se eerste drie duikbote,<sup>2</sup> is die ontstaan en ontwikkeling van duikbote deur die jare heen kortliks bespreek, en vervolgens is gelet op die besluit van die Suid-Afrikaanse regering om drie duikbote aan te skaf, die bou van die duikbote in Frankryk en hul afleweringstvaarte na Suid-Afrika. In hierdie, die tweede en laaste deel van die studie, word aangedui hoe die SAV hul duikbote (SAS **Maria van Riebeeck** (wimpelnommer S97), in 1999 herdoop tot SAS **Spear**; SAS **Emily Hobhouse** (S98), herdoop tot SAS **Umkhonto**, en SAS **Johanna van der Merwe** (S99), herdoop tot SAS **Assegaai**) operasioneel aangewend het: aanvanklik in die jare van toenemende internasionale isolasie (1972-7), toe in 'n era van feitlik

---

<sup>1</sup> Departement Geskiedenis, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein. E-pos: wesselsa hum@mail.uovs.ac.za.

<sup>2</sup> *Kyk Joernaal vir Eietydse Geskiedenis* 30(2), September 2005, pp. 180-94.

algehele isolasie (1978-93), en uiteindelik in diens van die nuwe volwaardige demokratiese Suid-Afrika (1994-2003).

## 2. DIE JARE VAN TOENEMENDE ISOLASIE, 1972-7

Met die aankoms van die derde nuwe duikboot, **SAS Johanna van der Merwe**, in Junie 1972, was die SAV sterker as ooit in sy geskiedenis, en in 'n sekere sin die sterkste tot nog toe. Naas die drie duikbote, het die SAV teen die einde van 1972 ook oor die volgende beskik: drie relatief nuwe fregatte (twee van hulle reeds opgegradeer, met die ander een wat weldra opgegradeer sou word); plus drie ou fregatte in reserwe, maar wat nooit weer in diens gestel sou word nie, twee ou maar opgegradeerde torpedojaers, tien kusmynveërs (plus 'n ou diepsee-mynveër, wat nie weer in diens gestel sou word nie), vier klein patrolliebote (plus een ou hawe-verdedigingsboot), een groot aanvullingskip, een groot moderne en een kleiner, ouer hidrografiese opmetingskepe, een sperboomvaartuig, een nuwe duikerondersteuning/torpedoherwinningsvaartuig (**SAS Fleur** - in Suid-Afrika gebou en in 1969 in diens gestel om in besonder oefentorpedo's wat deur duikbote afgevuur is, te herwin, en ook in geval van nood met die redding van duikbootbemanningslede te help), drie lug-see-reddingsbote (met nog twee op bestelling), twee medium sleepbote, drie kleiner hawe-barkasse en 'n klein opleidingsvaartuig.<sup>3</sup>

Die SAV het in 'n merkwaardige kort periode 'n goeie duikbootvleuel tot stand gebring. Geleidelik is werk wat tot dusver in Frankryk gedoen is, in Simonstad onderneem, byvoorbeeld opleiding by die nuwe duikbootskool. In 1974 is selfs die eerste duikbootbevelskursus in Suid-Afrika voltooi. Intussen is die eerste duikboot-opknapping ("refit") ook suksesvol in Simonstad gedoen. "Maria" is op 17 November 1972 uit diens geplaas, en na afloop van die opknapping (herstelperiode) weer op 5 Februarie 1975 in diens gestel, dié keer onder bevel van lt.-kdr. DP de Wet. Tydens so 'n opknapping word die betrokke duikboot so te sê uitmekaar gehaal en die drukromp en al die toerusting word aan intensiewe toetsing onderwerp. Die geringste fout word herstel, of die stuk toerusting word in geheel vervang. Die Suid-Afrikaanse duikbote het vir jare lank op die basis van 'n vier-jaar siklus gewerk, met 'n instandhoudingsperiode elke ses weke en 'n omvattende agtien-maande opknapping aan die einde van die vier-jaar siklus. Sodoende is vir ten minste twintig jaar lank feitlik voortdurend twee duikbote in diens gehou.<sup>4</sup>

<sup>3</sup> J Moore (red.), **Jane's fighting ships 1973-74** (Londen, 1973), pp. 267-70.

<sup>4</sup> A du Toit, **South Africa's fighting ships past and present** (Rivonia, 1992), pp. 273-4.

Afgesien van die drie duikbote se nooiensvaarte na Suid-Afrika, was daar slegs een pasklaar-vlagvertoonvaart waaraan 'n SAV-duikboot tot en met 1977 deelgeneem het, en dit was toe "Johanna", saam met die fregatte SAS **President Kruger** en **President Pretorius**, aan die einde van Maart 1973 'n besoek aan Lourenço Marques (vandag Maputo) in die destydse Portugese kolonie Mosambiek gebring het - die laaste SAV-besoek aan dié gebied voordat dit in 1975 onafhanklik geword het.<sup>5</sup> Hoewel op 'n geheel ander vlak, het die SAV moeite gedoen om hul duikbote aan die Suid-Afrikaanse publiek bekend te stel en is talle besoeke aan plaaslike hawens gebring. Verder het "Maria" in Mei 1971 in Kaapstad aan die herdenking van die totstandkoming van die Republiek van Suid-Afrika (RSA) deelgeneem<sup>6</sup> en in April 1977 het dit Port Elizabeth besoek.<sup>7</sup>

Die feit dat Frankryk bereid was om gesofistikeerde duikbote aan die RSA te verskaf, is internasionaal uit talle oorde veroordeel. Voorlopig egter het die SAV goeie betrekkinge met die Franse vloot en die Royal Navy (RN) bly handhaaf en oorlogskepe van hierdie vlote het Suid-Afrikaanse hawens op 'n gereëelde grondslag besoek en ook aan gesamentlike manoeuvres met die SAV deelgeneem. So byvoorbeeld het "Maria" in Oktober 1971 saam met die **President Kruger** en ook twee fregatte, 'n aanvullingskip en 'n duikboot (HMS **Oberon**) van die RN aan SANEX 71 deelgeneem (die eerste keer dat 'n Suid-Afrikaanse duikboot aan só 'n tipe oefening in RSA-waters deelgeneem het); in Julie 1973 het "Emily" saam met 'n torpedojaer, twee fregatte en 'n aanvullingskip van die SAV aan manoeuvres met 'n Britse taakmag, bestaande uit die kernaangedrewe duikboot HMS **Dreadnought**, 'n kruiser, drie fregatte en drie aanvullingskepe, deelgeneem (tydens dié manoeuvres het "Emily", onder bevel van Lt.-kdr. LJ Woodburne, al die deelnemende ondersteuningsvaartuie en die Britse kernduikboot "gesink" in wat as 'n klassieke Dawid-Goliat-stryd tipeer kan word); "Emily" en "Johanna" het vanaf 21-30 November 1973 saam met eenhede van die SAV en dieselfde RN-taakmag (nou op pad terug na Brittanje vanaf die Verre Ooste) - aan CAPEX 73 deelgeneem, en in 1974 was daar drie belangrike manoeuvres waaraan SAV-duikbote deelgeneem het: "Emily" saam met die **President Kruger** en die Franse helikopterdraer/opleidingskip **Jeanne d'Arc** en torpedojaer **Forbin**; daarna weer "Emily" met SAV-skepe en 'n nege-skip RN-taakmag, en aan die einde van die jaar, "Johanna" en vyf SAV-skepe saam met 'n RN-taakmag bestaande uit die kernaangedrewe duikboot HMS **Warspite**, 'n kruiser, ses fregatte en drie aanvullingskepe. Tydens hierdie manoeuvres het die SAV se "Daphné's" hul uitstekend van hul taak gekwyt. Nadat die Simonstadse

<sup>5</sup> **Ibid.**, p. 229.

<sup>6</sup> **Through the periscope. South African submarines: the first thirty years. Reflections past and present** (Rivonia, 1992), p. 44; **Paratus** 23(6), Junie 1971, pp. 20-3.

<sup>7</sup> **Eastern Province Herald**, 22 April 1977.

Ooreenkoms op 16 Junie 1975 herroep is, het vlootkontak tussen die SAV en RN tot 'n einde gekom.<sup>8</sup>

Die sewentigerjare van die vorige eeu het steeds in die teken van die Koue Oorlog gestaan en Sowjet-oorlogskepe het van tyd tot tyd om die Kaap gevaar. Hul bewegings is dan deur eenhede van die SAV (insluitende duikbote) en Suid-Afrikaanse Lugmag (SALM) gemonitor. So byvoorbeeld het "Maria" op 15 Maart 1972 'n Sowjet "Kashin"-klas missieldraende torpedojaer naby Kaap Agulhas in sig gekry.<sup>9</sup>

Die militêr-strategiese en geo-politiese situasie in suidelike Afrika het dramaties verander toe Portugal onafhanklikheid verleen het aan haar kolonies Mosambiek (25 Junie 1975) en Angola (11 November 1975). Oornag het die RSA pro-kommunistiese buurlande gehad. Dit was veral die situasie in Angola wat die Nasionale Party (NP)-regering hoofbrekings besorg het, want enersyds het daar na onafhanklikheid 'n bloedige burgeroorlog in dié land uitbreek en andersyds kon die South West African People's Organisation (SWAPO)-vryheidsvegters veel makliker as vroeër in Suidwes-Afrika (vandag Namibië) infiltrer.

In 'n poging om orde in Angola te herstel en 'n pro-Westerse regering aan bewind te stel, het die Suid-Afrikaanse regering besluit om by die stryd in Angola betrokke te raak in 'n operasie wat as "Savannah" bekend gestaan het. Twee fregatte, twee duikbote ("Johanna" en later ook "Maria") en ook ander Vlootvaartuie was in 1975-6 in Angolese waters bedrywig. "Savannah" was egter slegs die begin van die Suid-Afrikaanse Weermag (SAW) se betrokkenheid in Angola, iets wat sou voortsleep tot 1989. Met verloop van tyd is al drie die SAV se duikbote ingespan om in sowel Angolese as Mosambiekse waters 'n verskeidenheid take te verrig, insluitende verkenning, inligting-insameling en die ontplooiing van spesiale magte.<sup>10</sup>

Toe die SAV in 1972 'n Vlootrevue ter ere van sy voormalige bevelvoerder, vise-adm. Hugo Biermann, gehou het (hy het intussen, op 1 April 1972, Hoof van die SAW geword), was al drie die land se duikbote operasioneel en deel van die

<sup>8</sup> D Walsh, "Why do we need submarines", *African Armed Forces Journal*, Februarie 2005, pp. 20-1; Du Toit, pp. 227, 229, 230; TD Potgieter, "Maritime defence and the South African Navy to the cancellation of the Simon's Town Agreement", *Scientia Militaria* 30(2), 2000, pp. 176-7; *Navy News* 23(1), 2004, pp. 15, 19; *Through the periscope*, pp. 63, 102.

<sup>9</sup> *Paratus* 33(6), Junie 1982, p. 13.

<sup>10</sup> *Navy News* 23(1), 2004, pp. 18-9; *Through the periscope*, p. 48; Du Toit, pp. 230-2, 274; FJ du T Spies, *Operasie Savannah: Angola 1975-1976* (Pretoria, 1989), pp. 141-2, 147, 168, 174-6, 297. Die rol wat die SAV ten opsigte van die stryd in Angola en elders gespeel het, moet nog eendag behoorlik nagevors en beskryf word. Weens die sensitiwiteit van die onderwerp en die gebrek aan ongeklassifiseerde bronne in dié verband, word nie in hierdie studie verder op dié onderwerp uitgebrei nie.

revue.<sup>11</sup> Op 14 April 1976 het SAS **Maria van Riebeeck** die ou fregat **Vrystaat** tydens skeepsmaneuvers met 'n enkele E14-torpedo na 'n watergraf gestuur, sowat agt seemyl suidwes van Kaappunt. Die SAV het probleme met hul duikbote se E14-torpedo's ondervind, Franse tegnisi het na Suid-Afrika gekom om die probleme uit te stryk en genoemde skeepsoefening was die eerste geleentheid waartydens die herstelde torpedo's in die praktyk suksesvol getoets kon word. Hierdie suksesvolle oefening het aan die buitewêreld gewys dat die RSA oor 'n goeie maritieme afskrikingspotensiaal in die vorm van duikbote beskik het.<sup>12</sup>

Ten einde die SAV se duikbootvleuel verder uit te brei, duikbote oor langer afstande te kon ontplooi en te verseker dat ook in die jare wat voorlê ten minste twee duikbote altyd tegelyk ter see ontplooi kon word, het mnr. PW Botha (Minister van Verdediging) op 10 September 1974 in die parlement aangekondig dat die SAV addisionele duikbote gaan bekom.<sup>13</sup> Op 27 Mei 1975 is 'n bestelling vir twee "Agosta"-klas diesel-elektriese duikbote by die Dubigeon-Normandie skeepswerf in Nantes geplaas; dit wil sê dieselfde maatskappy wat die SAV se "Daphné's" gebou het. Die kontrak is op 7 Junie 1975 amptelik bekend gemaak. Die Franse vloot het vier soortgelyke duikbote bekom en vier is onder lisensie in Spanje vir dié land se vloot gebou. Die "Agosta's" was heelwat groter en meer gesofistikeerd as die "Daphné's": 67,9 m lank, 6,8 m breed, maksimum diepgang 5,4 m, standaardverplasing 1 230 ton, oppervlakverplasing 1 480 ton, onderwaterverplasing 1 725 ton, duikdiepte 300 m, oppervlaksnelheid 12,5 knope (20,5 knope onder water vir vyf minute of 17,5 knope vir 'n uur), 'n snorkelreikafstand van 7 900 seemyl teen 10 knope (9 000 seemyl op die oppervlakte teen nege knope), bemanning van sewe offisiere en 45 ander matrose; en die bewapening het bestaan uit vier 553-mm torpedobuise in die boeg en 'n totaal van 20 torpedo's.<sup>14</sup>

**Astrant** is op 15 September 1976 neergelê en **Adventurous** op 18 September 1977. Intussen het die politieke en veiligheidsituasie in Suid-Afrika egter 'n dramatiese wending geneem. Op 16 Junie 1976 het opstande in die swart woongebiede van Soweto en later ook elders in die land plaasgevind, wat gewelddadig onderdruk is. Verskerpte veiligheidsmaatreëls het tot die verbanning van nog meer organisasies en publikasies gelei en op 12 September 1977 is Bantu Stephen (Steve) Biko in polisie-aanhouding dood. In die loop van 18 maande het die internasionale druk op die RSA meer as ooit tevore toegeneem en op 4 November 1977 het die Verenigde

<sup>11</sup> **Through the periscope**, p. 46.

<sup>12</sup> Du Toit, pp. 203-4; inligting verskaf deur skout-adm. CH Bennett en skout-adm. EP Groenewalt.

<sup>13</sup> Republiek van Suid-Afrika, **Debatte van die Volksraad (Hansard) 2 Augustus tot 1 November 1974**. (s.l., s.a.), kolom 2584. Mnr. Botha het in sy toespraak geen besonderhede verskaf nie en bloot terloops vermeld dat die regering reeds in beginsel besluit het om die aantal duikbote te vermeerder.

<sup>14</sup> Du Toit, pp. 288-9; J Moore (red.), **Jane's fighting ships 1976-77** (Londen, 1976), p. 400.

Nasies (VN) 'n verpligte wapenboikot teen die land ingestel. Kort daarna het Frankryk die aflewering van die twee "Agosta"-duikbote (asook twee Tipe A69 ligte fregatte) aan die SAV gekanselleer.<sup>15</sup>

### 3. FEITLIK ALGEHELE ISOLASIE, 1978-93

Met die beëindiging van vlootkontak met tradisionele bondgenote en met geen kans om fregatte en duikbote oorsee te laat bou nie, het die SAV sy take in heroorweging geneem en is besluit om voortaan op die verdediging van die RSA se hawens en kusgebied te konsentreer. Drie vinnige missieldraende aanvalsvaartuie is van Israel bekom en ses soortgelyke skepe is in Suid-Afrika gebou. In Julie 1985 is die SAV se laaste fregat aan diens onttrek, en kort daarna ook elf kleiner vaartuie,<sup>16</sup> en het die Vloot hom dus in dié unieke situasie bevind dat steeds oor drie duikbote beskik is, maar oor geen torpedojaers of fregatte en selfs nie eens korvette nie. Met die uitsondering van Albanië, wat op 'n stadium oor duikbote, maar oor geen groot oorlogsskepe beskik het nie, besit alle lande wat duikbote in bedryf het ook torpedojaers en/of fregatte en/of korvette.

Die SAV se duikbote het voortgegaan om aan operasies in die gebiedswater van Angola en Mosambiek deel te neem (kyk weer onderafdeling 2, *supra*) en om patrolleringswerk (soms vir tot so lank as 36 dae aaneenlopend) om die kus van Suid-Afrika te doen. Vanaf 1978 kon die eerste bruin persone as duikbootpersoneel opgelei word en in die loop van die negentigerjare het ook enkele Asiërs gekwalifiseer. Swart Suid-Afrikaners is egter tot 1994 verbied om by die duikboottak aan te sluit.<sup>17</sup> Die SAV se duikbote het wêreldleiers op die gebied van vlakwateroperasies geword. In die tweede helfte van 1981 het "Maria" 'n onderhoudsperiode in Walvisbaai ondergaan ten einde die plaaslike fasiliteite te toets. Dit was ook die eerste keer dat 'n duikboot deur die skeepshyser in Walvisbaai uit die water gelig is.<sup>18</sup> Intussen het beide "Maria" en "Johanna" op 30 Januarie 1980, saam met ander eenhede van die SAV, aan 'n afskeidsrevue ter ere van die uittredende hoof van die

<sup>15</sup> **Astrant** sou reeds vóór die instel van die embargo van stapel gestuur word, naamlik op 15 September 1977, maar 'n staking by die skeepswerf het dit vertraag. Die duikboot is uiteindelik sonder seremonie op 14 Desember 1977 te water gelaat en **Adventurous** op 1 Desember 1978. In November 1978 is die twee voormalige SAV-duikbote aan Pakistan verkoop. Die gewese **Astrant** is op 17 Februarie 1979 as **Hashmat** in diens gestel en die gewese **Adventurous** op 18 Februarie 1980 as **Hurmat**. Hulle dien vandag (2005) steeds in die Pakistani-vloot en intussen het dié vloot nog twee soortgelyke duikbote in diens gestel (1999 en 2003) en een wat effens groter is, is in aanbou. Du Toit, pp. 288-9; S Saunders (red.), **Jane's fighting ships 2004-2005** (Coulson, 2004), p. 527; **Through the periscope**, p. 105. Indien die opsie op 'n derde duikboot deur Suid-Afrika opgeneem is (wat in die praktyk nie gebeur het nie), sou dié vaartuig SAS **Arrogant** geheet het.

<sup>16</sup> Du Toit, pp. 207, 209, 216, 218-9, 237, 239.

<sup>17</sup> Inligting verskaf deur skout-adm. JB Rabe (30 Mei 2005) en kapt. DP de Wet (30 Mei 2005).

<sup>18</sup> **Paratus** 33(6), Junie 1982, p. 13.

SAV, vise-adm. JC Walters, deelgeneem.<sup>19</sup> Duikbote het ook gehelp om buitelandse vlootvaartuie wat om die Kaap gevaar het, te monitor, byvoorbeeld in 1987 het "Maria" 'n vyf-vaartuig Sowjet-taakmag help agtervolg.<sup>20</sup>

In die loop van die sewentiger- en tagtigerjare het die African National Congress (ANC) van Suid-Afrika, sowel as Namibië se SWAPO, die Sowjet-Unie versoek om op groter skaal by die bevrydingstryd in suidelike Afrika betrokke te raak – deur byvoorbeeld 'n intervensiemag in die gebied te ontplooi. Een van die redes waarom dit in die praktyk nie gebeur het nie, is omdat 'n groot intervensiemag hoofsaaklik per see vervoer sou moes word en die gevaar geloop het om deur een of meer SAV-duikbote aangeval te word - iets wat tot die eskalering van die konflik en moontlike ingryping deur die Verenigde State van Amerika (VSA) kon lei. Dáárvor het die Sowjet-Unie nie kans gesien nie. Danksy die feit dat die klein SAV oor 'n effektiewe duikbootvleuel beskik het, is 'n magtige supermoondheid op 'n afstand gehou en 'n bydrae tot die behoud van wêreldvrede gelewer.<sup>21</sup>

Ten einde die Suid-Afrikaanse publiek daaraan te herinner dat hul land steeds 'n vloot gehad het, is van tyd tot tyd voortgegaan om besoeke aan plaaslike hawens te bring en in Mei 1981 was "Maria" in Durban vir die amptelike herdenking van die RSA se 20 jaar van bestaan. Toe die SAW se 75ste bestaansjaar in April 1987 in Kaapstad herdenk is, was "Maria" en "Johanna" twee van 14 vlootvaartuie wat op 6 April aan 'n revue in Tafelbaai deelgeneem het, en op 3 Februarie 1988 was "Maria" in Mosselbaai om saam met 15 ander vlootvaartuie aan 'n vlootrevue ter herdenking van Bartholomeus Dias se aankoms 500 jaar tevore deel te neem.<sup>22</sup> Ander besoeke aan Suid-Afrikaanse hawens het ingesluit "Johanna" aan Durban (Julie 1980), "Maria" aan Port Elizabeth en Oos-Londen (middel-1982), "Emily" aan Durban (Augustus 1983) en Oos-Londen (Mei 1985), "Maria" aan Port Elizabeth (einde Augustus-begin September 1986), "Maria" en "Johanna" aan Durban (Julie 1987), "Emily" aan Durban (November 1988) en "Johanna" aan Durban (Junie-Julie 1991). En dan was daar die besoeke aan Port Elizabeth, Oos-Londen, Durban en Kaapstad deur "Maria" en "Johanna", saam met tien ander SAV-vaartuie in Maart-April 1992, gevolg deur 'n vlootrevue in Tafelbaai op 3 April 1992 (waaraan genoemde twee duikbote plus 15 ander skepe deelgeneem het), om die totstandkoming van die SAV 70 jaar tevore te herdenk.<sup>23</sup>

<sup>19</sup> SA Vlootmuseum, Submarines (lêer): History of the South African Navy submarine service (getikte manuskrip), p. 14.

<sup>20</sup> SAUK TV-nuusbulletin, 20h00, 1 November 1987.

<sup>21</sup> Walsh, p. 22.

<sup>22</sup> **Vlootnuus** 7, Maart 1988, p. 13.

<sup>23</sup> SA Vlootmuseum, Submarines (lêer): History of the South African Navy submarine service (getikte manuskrip), pp. 15-8, 20-1; **Vlootnuus** 11, November-Desember 1992, p. 8; **Paratus** 43(5), Mei 1992, p. 11; **The Natal Mercury**, 25 Junie 1991, p. 1, 19 Maart 1992, p. 14 en 21 Maart 1992, p. 4.

In Augustus-September 1988 het "Maria" aan "Operasie Magersfontein" in die omgewing van Walvisbaai deelgeneem, 'n omvangryke vlootoefening waarby ook talle ander vlootvaartuie betrokke was.<sup>24</sup> Die enigste maneuvres met buitelandse skepe waaraan SAV-duikbote in hierdie jare deelgeneem het, was met torpedojaers en aanvullingskepe van die Republiek van China (Nasionalistiese China of Taiwan) in Mei 1981, Julie 1985, Mei 1989 en Junie 1992.<sup>25</sup> Van tyd tot tyd het die duikbote wel oefeninge met lewendige torpedo's uitgevoer, waartydens uitgediende skepe tot sink gebring is, byvoorbeeld die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens se sleepboot **Otto Siedle** (deur "Maria" gekelder 55 seemyl noordwes van Kaappunt op 13 Februarie 1981) en die vistreiler MV **Harvest Pegasus** (deur "Emily" gekelder 50 seemyl suidwes van Kaappunt op 25 Januarie 1989).<sup>26</sup>

Teen die middel van die tagtigerjare het die "Daphné's" die halfpadmerk van hul operasionele lewensiklus bereik en moes hulle omvangryke modernisering ondergaan ten einde sinvol verder operasioneel aangewend te kan word. Die omvangryke opgradering van die bote se wapen- en beheerstelsels is deur die SAV, in samewerking met Krygkor en die private sektor, gedoen, uiteraard sonder enige hulp van Frankryk, en het onder meer behels die installering van 'n nuwe lugreëlingstelsel, sonar en gevegsdatastelsel, en die verbetering van die bote se gevegsrig-, vuurleiding-, navigasie-, elektriese en meganiese stelsels. "Emily" het eerste hierdie omvangryke lewensduurverlengingsmodernisering ondergaan en is in die tweede helfte van 1988 weer in diens gestel: nou in meer as een opsig 'n gedugter duikboot as toe dit in 1971 die eerste keer in diens gestel is. Vervolgens is "Johanna" gemoderniseer (weer in diens gestel op 12 Desember 1990) en laastens "Maria" (13 Maart 1992).<sup>27</sup>

Intussen het 'n nuwe era reeds in die geskiedenis van die RSA en die SAV aangebreek, toe talle politieke en ander organisasies aan die begin van 1990 ontban en politieke gevangenes vrygelaat is. Hierdie gebeure het ook interessante nuwe geleenthede vir die land se duikbote gebied, want reeds in Januarie-Maart 1993 het die SAV sy relatief sterkste taakmag ooit op 'n vlagvertoonvaart oorsee gestuur toe

<sup>24</sup> **Vlootnuus** 7, Desember 1988, pp. 12-3; SA Vlootmuseum, losstaande boogléer: Abbreviated history of the SAN submarine branch (getikte manuskrip), Augustus-September 1988, geen bladsynommers aangedui nie.

<sup>25</sup> SA Vlootmuseum, losstaande boogléer: Abbreviated history of the SAN submarine branch (getikte manuskrip), Julie 1985, geen bladsynommers aangedui nie; **Paratus** 32(6), Junie 1981, p. 16; **Vlootnuus** 8, Junie 1989, p. 11; **Paratus**, 43(7), Julie 1992, p. 8; inligting verskaf deur kapt. MJ Farre, 31 Mei 2005.

<sup>26</sup> **Hoofstad**, 16 Februarie 1981; **Die Burger**, 26 Januarie 1989, p. 1; Du Toit, p. 274; **Die Transvaler**, 26 Januarie 1989, p. 8; **The Cape Times**, 26 Januarie 1989, p. 2; **Vlootnuus** 8, April 1989, p. 2.

<sup>27</sup> **The Naval Institute guide to combat fleets of the world 2002-2003: their ships, aircraft and systems** (Annapolis, 2002), p. 729; Du Toit, pp. 274-5; **The Argus**, 22 Julie 1988, p. 4; **Die Burger**, 22 Julie 1988, p. 1; **The Cape Times**, 22 Julie 1988, p. 3.



'n duikboot en vier oppervlakvaartuie na Suid-Amerika ontplooi is om aan die eerste ATLASUR-oefening deel te neem. Op 9 Januarie het "Maria" (onder bevel van kdr. AJC Reed) saam met die gevegsteunskip SAS **Drakensberg** vertrek en later het drie aanvalsvaartuie by hulle aangesluit. Die taakmag het Montevideo in Uruguay besoek, daarna Buenos Aires in Argentinië (onderweg is maneuvres met skepe en 'n duikboot, die **Santa Cruz**, van die Argentynse vloot gehou), waarna na die Argentynse vlootbasis te Mar del Plata gevaar is (weer eens met maneuvres onderweg). Die SAV-skepe was terug in Simonstad op 14 Maart 1993; die veel stadiger "Maria" 'n week later.<sup>28</sup> Die feit dat 'n SAV-duikboot oor so 'n lang afstand ver van haar tuisbasis ontplooi is, spreek boekdele vir die Vloot se tegniese vaardighede - en van die personeel se toegewydheid.

#### 4. DUIKBOTE IN DIENS VAN DIE NUWE SUID-AFRIKA, 1994-2003

In 1989 het die SAW aan Suidwes-Afrika/Namibië onttrek en in 1990 is 'n onderhandelingsproses in die RSA van stapel gestuur wat tot die land se eerste volwaardige demokratiese verkiesing in April 1994 gelei het - en tot die bewindsaanvaarding van 'n ANC-geleide regering met dr. Nelson Mandela as die eerste president van die nuwe Suid-Afrika. Op 27 April 1994 (die eerste stembag) het die land se weermag ook 'n naamsverandering ondergaan (voortaan bekend as die Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag, SANW) en is die ou SAW en ses ander weermagte, asook sekere selfverdedigingseenhede in KwaZulu-Natal met verloop van tyd tot een nuwe SANW geïntegreer. Die inkorporering van voormalige vryheidsvegters in die SANW en die gepaardgaande transformasieproses het uiteraard ook implikasies vir die SAV ingehou.<sup>29</sup>

Tot en met April 1994 was slegs blanke en enkele bruin persone lid van die duikbootvleuel. Hierdie situasie het met verloop van tyd verander, soos wat aan die begin van onderafdeling 5, **infra**, aangedui sal word. Die nuwe politieke bedeling het die SAV ook op ander wyses beïnvloed.

Nadat die Vloot se "Minister"-klas aanvalsvaartuie vanaf 1 April 1997 as die "Warrior"-klas bekend gestaan het en agt van die nege skepe se name dienooreenkomstig verander het,<sup>30</sup> is die duikbote se name op 19 Mei 1999 verander: soos vroeër reeds aangedui, het "Maria" nou SAS **Spear** geheet, "Emily" het SAS

<sup>28</sup> **Paratus** 44(2), Februarie 1993, p. 13 en 44(6), Junie 1993, p. 20; **The Natal Mercury**, 19 Januarie 1993, p. 7; **Through the periscope**, p. 54.

<sup>29</sup> Vir 'n oorsig van die daarstelling van die SANW, die transformasieproses in die SANW (1994-2004) en ander uitdagings wat die SANW die hoof moes (en steeds moet) bied, kyk bv. A Wessels, "Die Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag, 1994-2004" (twee dele), **Joernaal vir Eietydse Geskiedenis** 29(3), Desember 2004, pp. 168-83 en 30(1), Junie 2005, pp. 103-18.

<sup>30</sup> South African Navy media release, 14 Maart 1997.

**Umkhonto** geword en "Johanna" SAS **Assegaai**,<sup>31</sup> alles deel van 'n omvangryke SANW-transformasieproses. Die nuwe name was inderdaad meer gepaste duikbootname, hoewel mense wat in galgehumor spesialiseer sou kon wys dat dit "jammer"/"kostelik" is dat **Johanna van der Merwe**, wat na 'n Voortrekkermeisie vernoem is wat talle **assegaai**-steke oorleef het, juis nou **Assegaai** geheet het!

Die nuwe RSA is met ope arms deur die internasionale gemeenskap terugverwelkom en feitlik oornag is militêre betrekkinge, insluitende vlootbande, met talle ou vriende herstel, en nuwe bande gesmee. Veral vanaf April 1994 het 'n groot aantal buitelandse oorlogskepe een-een of soms as eskaders vlagvertoonvaarte na Suid-Afrikaanse hawens onderneem en in sommige gevalle het SAV-duikbote ook aan maneuvres saam met van hierdie skepe deelgeneem, byvoorbeeld "Maria" met die besoekende Spaanse "Descubierta"-klas fregatte **Infanta Elena** en **Infanta Cristina** in Oktober 1994,<sup>32</sup> "Maria" saam met ander SAV-vaartuie en die besoekende Amerikaanse kruiser USS **Gettysburg** en fregat USS **Halyburton** (November 1994; die Amerikaanse skepe kon nie die duikboot opspoor nie en is dus 'n paar keer "gesink"); "Maria" saam met tien SAV-skepe en drie van Brasilië, twee van Argentinië en een van Uruguay aan ATLASUR II in Kaapse waters (Mei 1995) en "Emily" saam met skepe van laasgenoemde drie lande aan ATLASUR III in Kaapse waters (Maart 1997, om saam te val met die viering van die SAV se 75ste bestaansjaar, wat ook 'n indrukwekkende vlootrevue in Tafelbaai op 5 April 1997 ingesluit het).<sup>33</sup> Op 5 Maart 1997 het "Emily" die ou vistreiler MV **Kunatka** 50 seemyl van Kaappunt tydens maneuvres gesink, nadat die vistreiler omgewingsgesproke skoon gesertifiseer is deur die Departement van Vervoer en Omgewingsake.<sup>34</sup> Die "Daphné's" het ook aan die jaarlikse "Operation Red Lion" deelgeneem, byvoorbeeld **Assegaai** in Oktober 2002 en Junie 2003.<sup>35</sup>

SAV-vaartuie was nou ook weer welkom om die meeste buitelandse hawens te besoek en vanaf 1994 het talle Suid-Afrikaanse oorlogskepe inderdaad as grys diplomate die vlag van die nuwe RSA in die buiteland gaan vertoon. Torpedojaers en fregatte is tradisioneel die besigste grys diplomate, maar aangesien die SAV jare lank nie meer oor sulke skepe beskik het nie, is die Vloot se twee gevegsteunvaartuie, SAS **Drakensberg** en SAS **Outeniqua**, hoofsaaklik vir dié doel ingespan. Wanneer besoeke aan Afrika-state gebring is, is aanvalsvaartuie

<sup>31</sup> South African Navy media release, 13 Mei 1999.

<sup>32</sup> **Salut** 1(8), Desember 1994, p. 27; SAUK TV-nuusbulletin, 20h00, 12 Oktober 1994.

<sup>33</sup> **Salut** 1(8), Desember 1994, pp. 28-9; **Jane's Navy International** 100(5), September-Oktober 1995, p. 40; **Salut** 2(7), Julie 1995, pp. 22-3; **Vlootnuus** 14, Julie 1995, p. 15 en 16(3), 1997, pp. 4-7, 10-8, 20-3.

<sup>34</sup> **SA Navy/SA Vloot Info Bulletin** 5/97, 5 Maart 1997.

<sup>35</sup> **Weekend Argus**, 28 Junie 2003, p. 3; **Navy News** 22(4), 2003, p. 11.

en/of mynteenmaatreëlvaartuie soms ook aangewend.<sup>36</sup> Met hul swart rompe kan duikbote tegnies nie as **grys** diplomate geklassifiseer word nie, maar die vorm van 'n duikboot, met geen dek binne of buite groot genoeg vir die hou van diplomatieke/sosiale funksies nie, diskwalifiseer hulle streng gesproke ook vir dié rol. Wanneer duikbote egter saam met ander vaartuie op 'n vlagvertoonvaart ontplooi word, kan hulle wel 'n diplomatieke rol vervul; trouens, deur 'n duikboot oorsee te ontplooi, bewys 'n land/vloot oor watter slaankrag hy beskik en dwing só ontsag af.

Sedert 1994 is die SAV se "Daphné's" egter by slegs een geleentheid oorsee ontplooi. In Julie 1995 is "Operation Palm Beach" van stapel gestuur toe die **Outeniqua**, twee aanvalsvaartuie en "Maria" Maputo in Mosambiek (6-10 Julie; "Maria" vertrek 9 Julie) en Dar es Salaam in Tanzanië (17-20 Julie) besoek het, en Durban (die tuisbasis van die twee aanvalsvaartuie) op sowel die heen- as terugvaart.<sup>37</sup>

Einde Augustus 1996 is "Emily" beskadig toe die vistreiler **Kotoku Maru 1**, wat na die skeepshyser in Simonstad beweeg het om herstelwerk te ondergaan, deur 'n skielike rukwind teen die duikboot geslinger is. Hoewel die duikboot binne sowat 'n maand herstel is, was die SAV vir dié periode sonder enige operasionele duikbote.<sup>38</sup>

In die lig van die ouderdom van die SAV se duikbote het dit al hoe moeiliker geword om selfs net een duikboot operasioneel te hou - sedert die middel van die negentigerjare is nooit weer meer as een tegelykertyd ter see ontplooi nie, en soms was nie een enkele duikboot operasioneel nie. (Vroeër, in Augustus 1990, was al drie reeds by geleentheid uit die water gelig vir onderhoudswerk.) In die laat sewentigerjare en in die loop van die tagtigerjare is pogings aangewend om addisionele "Daphné"-klas duikbote van Portugal te bekom, maar sonder sukses. In die middel van die negentigerjare is gepoog om die vier Britse (tweedehandse) "Upholder"-klas duikbote te bekom, maar dié bote is later aan Kanada verkoop. In die lig van die probleme wat die Kanadese tans (2005) steeds met hierdie duikbote ondervind, is dit 'n bedekte seën dat die SAV nie hierdie tweedehandse bote bekom het nie. "Emily" het in Maart 1995 verdere modernisering ondergaan en die volgende jaar is "Johanna" uit diens gestel vir omvangryke modernisering. Dit het onder meer ingesluit die installering van nuwe kommunikasiestelsels, opgradeerde

<sup>36</sup> Vir meer besonderhede omtrent die SAV se diplomatieke rol sedert 1994, kyk A. Wessels, "South Africa's grey diplomats; visits by South African warships to foreign countries 1946-1996", *Scientiae Militaria* 27, 1997, pp. 96-102.

<sup>37</sup> *Through the periscope*, pp. 55-7; *Salut* 2(10), Oktober 1995, pp. 4, 34-6; inligting verskaf deur skout-adm.(JG) SK Stead; *The Mercury*, 4 Julie 1995, p. 2.

<sup>38</sup> *The Cape Times*, 2 September 1996, p. 3; *The Mercury*, 2 September 1996, p. 1; *Die Burger*, 3 September 1996, p. 7; *SA Navy/SA Vloot Info Bulletin* 48/96, 3 Oktober 1996.

periskope en nuwe data-monitors. Die duikbote se torpedo's is ook opgradeer. "Johanna" is weer op 19 Mei 1999 in diens gestel - dieselfde dag toe al die duikbote ook nuwe name ontvang het, soos vroeër reeds aangetoon. Vervolgens is in Mei 1999 met opknappingswerk aan **Umkhonto** begin, wat die installering van die nuwe DCSC-2 gevegbestuurstelsel ingesluit het en wat op 26 Januarie 2001 voltooi is.<sup>39</sup> Hoewel "Maria" ook in 1999 'n nuwe naam, naamlik **Spear**, ontvang het, was dié duikboot nooit onder die nuwe naam in diens nie. "Maria" is reeds in 1996 vir oulaas aan diens onttrek as gevolg van onder meer ernstige insulasieprobleme ten opsigte van die hoof elektriese aandrywingsmotor. Dit was nie ekonomies gesproke die moeite werd om die duikboot te herstel nie.<sup>40</sup>

Terwyl die Lugmag in 1990-1 en die Leër en die Lugmag weer in die periode ná 1994 aan drastiese rasionalisasie onderwerp is, was die Vloot reeds sedert die middel van die tagtigerjare so erg verklein in terme van vaartuie, dat dit nie veel verder gerasionaliseer kon word nie, al moes in die praktyk nog verdere personeelopofferings gemaak word en daar verdere operasionele beperkinge was.

In 1998 het drie persone die duikbootbevelskursus deurloop. Die praktiese deel van die kursus is aan boord "Emily" gedoen, in 'n oefening waaraan ook SAS **Protea**, **Fleur**, **Shaka** en **Job Masego**, die RN-fregat HMS **Cornwall**, 'n Britse Nimrod maritieme patrollievliegtuig en 'n Franse Atlantique maritieme patrollievliegtuig deelgeneem het.<sup>41</sup>

Onder die nuwe naam, SAS **Umkhonto**, is die SAV se tweede duikboot vir oulaas in April 2002 aan diens onttrek. Daar word beplan om die middelste gedeelte van die duikboot vir duikbootontruimingsopleiding te gebruik, ander dele as museumstukke te bewaar en die res as skroot op te breek.<sup>42</sup> Die Vloot se derde duikboot, SAS **Johanna van der Merwe/Assegai**, is om 19h40 op Vrydag 28 November 2003 vir oulaas aan diens onttrek.<sup>43</sup> Die vaartuig was steeds in 'n baie goeie toestand en sou dus nog langer in diens gehou kon word, maar in die lig van finansiële oorwegings is besluit om 'n skoon breuk met die verlede te maak ten einde voluit te kon voorberei vir die indiensstelling van nuwe duikbote.<sup>44</sup> In die lig van die feit dat die Suid-Afrikaanse regering reeds op 18 November 1998 aangekondig het dat Duitse duikbote die voorkeur-plaasvervangers vir die SAV se "Daphné"-klas was, en in Julie 2000 'n bestelling vir drie nuwe Tipe 209 1400 MOD duikbote

<sup>39</sup> **The National Institute guide...**, p. 729; S Saunders (red.), **Jane's fighting ships 2003-2004** (Coulson, 2003), p. 643.

<sup>40</sup> Inligting verskaf deur skout-adm. (JG) JB Rabe (30 Mei 2005) en kapt. MJ Farre (31 Mei 2005).

<sup>41</sup> **Through the periscope**, pp. 99-100.

<sup>42</sup> Inligting verskaf deur kapt. MJ Farre, 31 Mei 2005.

<sup>43</sup> **SAN Splashes** 14/03, 3 November 2003.

<sup>44</sup> Inligting verskaf deur skout-adm. (JG) TJ Honiball, 23 Mei 2005.

in Duitsland geplaas is (effektiewe kontrakdatum: 12 Julie 2000),<sup>45</sup> was 28 November 2003 nie die einde van die duikboot-era in die SAV nie, maar bloot die einde van die eerste fase in die geskiedenis van duikbote in die SAV, naamlik die "Daphné"-fase.

Gewoonlik word 'n vloot se ou duikbote nie almal uitgefaseer alvorens ten minste een van die nuwe duikbote nie reeds operasioneel is nie, maar in die geval van die SAV se oorgang vanaf "Daphné's" na "209's" was daar vanaf 28 November 2003 tot die indiensstelling van die eerste nuwe duikboot op 3 November 2005 inderdaad 'n periode van sowat twee jaar waarin die SAV oor geen duikbote beskik het nie en die duikbootvleuel dus tydelik as 'n effektiewe operasionele weermagsdeel opgehou het om te bestaan - uniek in die wêreld se duikbootgeskiedenis. Vir 'n klein vloot soos die SAV, was die koste verbonde aan die tydelike instandhouding van twee duikbootstelsels te hoog. Hopelik sal die tydsverloop tussen die einde van die "Daphné"-fase en die indiensstelling van die eerste Tipe 209's nie so groot wees dat daar 'n verlies aan kundigheid en vaardigheid ten opsigte van die instandhouding en aanwending van duikbote in die SAV sal ontstaan nie.

Die ideaal is dat 'n land se eerste duikboot as 'n museum bewaar word. Die **Spear** is egter vir R300 000 aan SA Metals verkoop, van alle bruikbare dele gestroop en in die loop van 2003 as skroot in die Simonstadvlootbasis se Selborne-droogdok opgebreek<sup>46</sup> - 'n glorielose einde vir 'n baanbrekerduikboot. Soos reeds hierbo aangedui, sal **Umkhonto** uitmekaar gehaal, deels vir opleiding gebruik word, deels as museumitems bewaar word, en die res as skroot verkoop word. In April 2005 is besluit om die SAV se laaste "Daphné"-klas duikboot, SAS **Assegaai**, as 'n museumstuk as deel van die Suid-Afrikaanse Vlootmuseum in Simonstad te bewaar<sup>47</sup> - 'n waardige monument en herinnering aan die SAV se eerste duikbootfase.

## 5. SLOTPERSPEKTIEF

Tot en met 28 November 2003 het 'n totaal van ongeveer 1 000 man as duikbootpersoneel in die SAV gekwalifiseer om aan boord die drie "Daphné"-klas vaartuie diens te doen. Dit het meer as 20 duikbootbevelvoerders ingesluit. (Die SAV is toegelaat om nog tot einde Februarie 2004 personeel as duikbootvaarders op te lei asof hulle aan boord van die "Daphné"-klas sou diens doen, wat die totaal op net meer as 1 000 te staan gebring het.) Geen dames is toegelaat om aan boord van

<sup>45</sup> Saunders (red.), **Jane's fighting ships 2003-2004**, p. 643; inligting verskaf deur kapt. MJ Farre, 2 Junie 2005.

<sup>46</sup> **Navy News** 23(1), 2004, p. 18.

<sup>47</sup> **Volksblad**, 30 April 2005, p. 11.

hierdie duikbote te dien nie, want die beknopte toestande aan boord het dit onmoontlik gemaak om afsonderlike geriewe te voorsien. (Dames sal wel aan boord van die SAV se nuwe duikbote diens doen.) Hoewel die eerste "nie-blanke" duikbootvaarders teen die einde van die sewentigerjare gekwalifiseer het, was daar nooit besonder baie kleurlinge en Asiërs wat daarin belang gestel het om by die duikbootvleuel aan te sluit nie en tot en met April 1994 is die Vloot verbied om swart personeel as duikbootvaarders op te lei. Sedert April 1994 het die situasie geleidelik verander en hoewel baie min Asiërs steeds belangstel om aan boord van duikbote te dien, is ongeveer die helfte van die persone wat tans (2005) reeds as duikbootvaarders gekwalifiseer het of as sodanig opgelei word, nie blank nie, van wie op hul beurt ongeveer die helfte swart en die ander helfte bruin is.<sup>48</sup> Die demografiese samestelling van die SAV se duikboottak het dus geleidelik verander sedert kdr. JAC Weideman op 16 Januarie 1970 as Suid-Afrika se eerste duikbootvaarder gekwalifiseer het. Jare lank het politieke/ideologiese oorwegings die Vloot se duikbote beïnvloed, soos ook vir die res van die SAW en die RSA. Uiteraard moet egter ook in gedagte gehou word dat alle duikbootpersoneel vrywilligers is en dat die tipe werk wat van hulle verwag word, hoë eise stel.

In die Verdedigingsoorsig wat in 1998 deur die Suid-Afrikaanse parlement goedgekeur is, word uitgespel dat duikbote 'n belangrike deel van die SAV se magsoontwerp uitmaak.<sup>49</sup> Daar is net een groot nadeel verbonde aan die aanskaf en instandhouding van duikbote: dit is baie duur. Aan die ander kant moet egter in gedagte gehou word dat die aanskaf van duikbote die oorkoepelende maritieme verdedigingskoste kan laer hou. Indien 'n vloot nie duikbote besit nie, word meer oppervlakvaartuie (soos fregatte) benodig om dieselfde vlak van maritieme paraatheid te handhaaf. Indien 'n land dit enigsins kan bekostig, is die besit van duikbote 'n waardevolle militêre veiligheidspolis met geweldig baie oorlogs- en vredestrydse voordele, soos ook duidelik blyk uit die voorafgaande kort oorsigsgeskiedenis van die SAV se "Daphné"-klas duikbote. Dus was dit 'n baie goeie besluit in die sestigerjare om 'n duikbootvleuel vir die SAV tot stand te bring en in 1970-1 drie duikbote van die "Daphné"-klas in diens te stel. Ideaal gesproke moes die Vloot reeds vroeër duikbote bekom het, maar in die lig van finansiële oorwegings en ander Vlootbehoefte waaraan eers voldoen moes word, was die sestiger- en sewentigerjare die regte tyd om 'n duikbootvermoë te vestig. Diegene wat beweer het dat die klein SAV (met sy beperkte middele) nie 'n duikbootmag in stand sou kon hou nie, is lankal reeds verkeerd bewys, en die verworwe vaardighede sal met vrug gebruik word om die nuwe duikbote in stand te hou.

<sup>48</sup> Kyk lys van 893 gekwalifiseerde duikbootvaarders, 16 Januarie 1970 - 13 November 1998 in **Through the periscope**, pp. 116-27. Verdere inligting verskaf deur kapt. MJ Farre, 31 Mei 2005.

<sup>49</sup> **South African defence review as approved by Parliament, April 1988 (s.l., s.a.)**, p. 41.

Die Vloot se duikbootvermoë was nog nooit oorbodig nie. In die loop van 33 jaar is die "Daphné's" in vredestrydse omstandighede vir patrolling gebruik, asook vir waarneming, die opleiding van personeel aan boord van oorlogskepe wat oor 'n duikbootjagvermoë beskik het, vir deelname aan gesamentlike vlootmaneuvers met skepe en/of duikbote van ander lande, maar, belangrikste van alles: die besit van duikbote het die SAV (en die RSA) op 'n hoër verdedigingsvlak as lande sonder duikbote geplaas en aan die RSA baie belangrike afskrikingspotensiaal gegee, iets wat binne die konteks van die Koue Oorlog van besondere betekenis was en in die post-Koue Oorlog-era steeds van groot belang is, want die Kaapse seeroete was en is steeds 'n hoofhandelslagaar en duikbote bly steeds die beste duikbootjagwapen, bo en behalwe hul vermoë om teen oppervlakvaartuie op te tree. En toe die RSA in konflikte in buurstate betrokke geraak het (of dit polities/ideologies korrek was al dan nie, val buite die bestek van hierdie studie) het die land se duikbote goeie steun aan ander Weermagsdele verleen.

Binne die konteks van sowel die Koue Oorlog as die era daarna, en in besonder toe die RSA internasionaal geïsoleerd gestaan het, het die land se duikbote 'n belangrike afskrikingsrol gespeel. Hoewel duikbote dus baie keer as per definisie aggressiewe wapens beskou word, is dit die waarde wat aan duikbote geheg word (en hul potensiële aggressiewe rol en slaankrag) wat potensiële vyande op hul plek hou en dus vrede en voorspoed verseker. Duikbote is dus nie slegs die stille polisiebeamptes van die oseane nie, maar hou groot bedreiging in vir potensiële amfibiese en ander aanvalsmagte, kan as mynlêers gebruik word, en is ook ideaal geskik om spesiale magte agter vyandelike linies en in vyandige hawens te ontplooi. En as daar wel gewapende konflik uitbreek, kan duikbote vyandelike magte ver weg van die moederland onderskep en aanval. Wie dus oor duikbote beskik, kan tot 'n groot mate onafhanklik optree, en 'n relatief klein en militêr swak land kan, as oor duikbote beskik word, groot bedreiging vir selfs 'n supermoondheid inhou.

Al beleaf die RSA tans vrede, sou dit dwaas gewees het om met die onttrekking van die laaste "Daphné" van die Vloot se duikbootvermoë ontslae te raak; trouens, duikbote kan juis 'n baie belangrike rol speel om die vrede te bewaar. Die ideaal was nou om vier in plaas van drie duikbote aan te skaf, want vier is die veiligste en ideale minimum getal:<sup>50</sup> dan sal feitlik verseker altyd een en die meeste van die tyd ten minste twee duikbote operasioneel wees. (Soos reeds aangetoon - kyk weer onderafdeling 2, **supra** - was die naaste wat die SAV aan 'n ideale getal duikbote gekom het, die middel van die sewentigerjare toe twee "Agosta"-klas bestel is, maar nooit afgelewer is nie.)

---

<sup>50</sup> Kyk bv. die vlote van Brasilië, Kanada, Nederland en Singapoer wat elk vandag vier duikbote het. Saunders (red.), **Jane's fighting ships 2004-2005**, pp. 61, 88, 494, 657.

Ook in die Afrika-konteks vandag kan die SAV se duikbootvleuel 'n verneme rol speel. Om mee te begin, is dit 'n prestasie dat 'n Afrika-staat reeds vir meer as 30 jaar lank duikbote in stand hou,<sup>51</sup> en nogal die enigste sodanige land (uit 48 state) suid van die Sahara. Dit plaas die SAV, SANW en RSA in 'n klas van hul eie. Die SAV in die algemeen, en die Vloot se duikbote in die besonder, beskerm nie bloot die RSA se maritieme belange nie, maar inderdaad dié van talle Afrika-state suid van die ewenaar. Die feit dat die RSA duikbote besit, is gevolglik dan ook nog 'n aanduiding dat dié land 'n leidende rol moet speel in die praktiese implementering van die Afrika-Renaissance. Onafhanklik van enige bewese bedreiging moet 'n land soos die RSA immers 'n goedgedefinieerde buitelandse beleid en streeks- en ander ideale in belang van die streek, kontinent en geglobaliseerde wêreld hê, en die land se weermag-magsontwerp dienooreenkomstig doen. Binne só 'n magsontwerp het duikbote beslis 'n uiters belangrike rol te speel.

Duikbote verhoog 'n land se prestige, gee aan 'n land groter politieke en diplomatieke beweegruimte en is 'n bewys van tegnologiese gevorderdheid. Verder kan duikbote gebruik word om ekspedisiemagte wat in 'n vredesbewaringsrol ontplooi word, te beskerm. Op sigself is duikbote ook by uitnemendheid magsvertoon (magsprojeksie, gesagsafdwingende) wapens, met daarmee gepaardgaande 'n groot afskrikkingspotensiaal. Indien oorlog wel uitbreek, is duikbote by uitnemendheid geskik om die vyand beheer oor die see (en in besonder die eie gebiedswater en ekonomiese sone) te ontsê. Op die koop toe benodig duikbote klein bemannings en is hul brandstofverbruik laag. Moderne konvensionele duikbote kan ook vir weke lank onafhanklik operasioneel ontplooi word, feitlik onsigbaar vir die meeste skepe en vliegtuie.

Danksy die versindheid van vise-adm. Hugo Biermann, het die SAV op die regte tyd duikbote aangeskaf. Tien jaar later sou boikot-aksies dit onmoontlik gemaak het om 'n duikbootdiens te vestig. Diegene wat beweer het dat 'n klein vloot soos die SAV nie in staat sou wees om 'n gesofistikeerde duikbootmag te vestig en in stand te hou nie, is lank reeds verkeerd bewys. Binne rekordtyd het die SAV selfs die bemanningslede vir die "Daphné's" begin oplei en die bote self in stand gehou. Die SAV se duikbootdiens het in 'n hoogs professionele en gesofistikeerde diens ontwikkel wat aan die SAV 'n waarlik multidimensionele vermoë verskaf het. Duikbote is deel van enige gebalanseerde vloot en vorm inderdaad 'n onontbeerlike strategiese onderdeel van die RSA se seewaartse verdediging. Verder moet in gedagte gehou word dat Suid-Afrika se gebiedswaters ideaal geskik is vir duikbootoperasies, maar duikbootjagoperasies bemoelik, want die waterlae om ons kuste is

---

<sup>51</sup> In Afrika het slegs Egipte voor die RSA duikbote bekom, maar sukkel om hul verouderde "Romeo"-klas duikbote operasioneel te hou. Ander Afrika-state wat sedert 1970 duikbote bekom het, is Algerië en Libië. *Ibid.*, pp. 4, 192, 445.



geneig om soekende sonarsendings af te lei en te verwar. Die besit en suksesvolle ontplooiing van duikbote gee aan die SAV geloofwaardigheid. Die vraag is dus nie of die SAV duikbote benodig nie, maar of die RSA sonder die dienste van duikbote kan klaarkom.<sup>52</sup>

Die SAV benodig dus, alles in ag genome, en ook gegewe die onsekerhede en gevare verbonde aan die post-Koue Oorlog-era, ten minste drie duikbote, en hoe gouer die nuwe Tipe 209 1400 MOD's almal afgelewer en die Vloot se duikbootvleuel ten volle met die hantering en instandhouding van die nuwe bote vertrouwd is, hoe beter. Hopelik sal in die tweede fase van die RSA se duikbootgeskiedenis voortgebou word op die trotse tradisie wat in die jare 1970 tot 2003 geskep is.

---

<sup>52</sup> Vise-adm. RC Simpson-Anderson, destyds Hoof van die SAV, in **Through the periscope**, pp. 3, 82-3. 'n Ietwat uitgebreider weergawe van dié stuk deur vise-adm. Simpson-Anderson is gepubliseer in **Navy News** 17(5), 1998, p. 2. Kyk in die algemeen ook Walsh, pp. 20-2.